

Die Konferensie van Kabwe en die ANC/SAKP se gewapende stryd

The Conference of Kabwe and the ANC/SACP's armed struggle

LEOPOLD SCHOLTZ

Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch

INGRID SCHOLTZ

Buitengewone dosent, Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch



Leopold Scholtz



Ingrid Scholtz

LEOPOLD SCHOLTZ het aan die Universiteit van Stellenbosch, die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) en die Universiteit van Leiden gestudeer, waar hy in 1978 die doktorsgraad in geskiedenis behaal het. Ná twee en 'n halfjaar as dosent aan die RAU het hy hom in die joernalistiek begeef. Hy was tot einde 2007 adjunkredakteur van *Die Burger*, waarna hy as Media24 se korrespondent in Europa aangestel is. Hy werk tans vanuit Den Haag.

LEOPOLD SCHOLTZ studied at the University of Stellenbosch, Rands Afrikaans University (RAU) and the University of Leiden, where he obtained a doctoral degree in history in 1978. After lecturing for a period of two and a half years at the RAU, he switched to journalism. He served as deputy editor of *Die Burger* until the end of 2007. Thereafter he moved to The Hague, where he currently holds the position of the correspondent of Media 24 in Europe.

INGRID SCHOLTZ het aan die Universiteit van Leiden gestudeer, waar sy in 1974 die graad doctorandus historiae behaal het. Sy was tussen 1981 en 1996 dosent in die geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland, redakteur van *Wêreldbürger*, 'n internasionale bylae van *Die Burger* (1996-'98), en dosent in die joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch tot einde 2007. Sy is tans Europese verteenwoordiger van Solidariteit, die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans en die Afrikaanse Taalraad.

INGRID SCHOLTZ studied at the University of Leiden, where she obtained the degree of doctorandus historiae in 1974. Between 1981 and 1996 she consecutively held the positions of lecturer in history at the University of the Western Cape, editor of *Wêreldbürger* (World Citizen), an international addendum of *Die Burger* (1996-'98), and lecturer in journalism at the University of Stellenbosch until the end of 2007. She is currently the European representative of *Solidariteit* (Solidarity), the *Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans* (Foundation for Empowerment through Afrikaans) and the *Afrikaanse Taalraad* (Afrikaans Language Board).

ABSTRACT***The Conference of Kabwe and the ANC/SACP's armed struggle***

The ANC/SACP alliance has always defended their armed struggle by referring to the long non-violent struggle against apartheid before 1961 and the fact that the then Government's intransigence forced their recourse to violence. The alliance further contends that their armed struggle never included indiscriminate terrorism and attacks against civilians, but that the Government's own brutal violence caused a situation where the liberation movement had to accept that civilians would be caught in the cross-fire. The purpose of this article is to analyse this contention and the role the Conference of Kabwe in Zambia in June 1985 played in the movement's decision making. It is argued that the armed struggle, up to 1983, did indeed testify to a moral unwillingness to shed blood. But the South African attack on ANC targets in Matola, Maputo in 1981, caused a mindshift, and Oliver Tambo promised vengeance. The upshot was the Church Street Bomb of 1983, in which 19 people, including 12 civilians, were killed. At Kabwe the ANC National Consultative Conference decided that the avoidance of civilian casualties could no longer stand in the way of military operations. This was communicated to the operatives on the ground in a way in which they understood that no holds were barred any more, and the result was an indiscriminate wave of terrorism against restaurants, disco's, sports venues, shopping malls, and the like. The ANC leadership became worried about the adverse publicity and in 1987 tried to reign in MK, but the armed wing was basically out of control. The later years' armed campaign is weighed against the Geneva Convention, and the conclusion is that MK's actions in the latter years were not only inefficient but morally dubious.

KEY CONCEPTS: ANC, SA Communist Party, Kabwe Conference, terrorism, armed struggle, anti-apartheid struggle

TREFWOORDE: ANC, SA Kommunistiese Party, Kabwe-Konferensie, terrorisme, gewapende stryd, anti-apartheidstryd

OPSOMMING

Die ANC/SACP se bewerings dat sy gewapende stryd 'n hoë morele inhoud had, word in dié artikel onder die loep geneem. Die gevolgtrekking is dat dit tot 1983 inderdaad ten doel gehad het om burgerlike ongevallen te vermy. Die eskalasie van die stryd het egter in 1983 gelei tot die Kerkstraatbom, toe 19 mense – met inbegrip van 12 burgerlikes – gedood is. Te Kabwe het die ANC in 1985 verder ooreengekom dat die moontlikheid van burgerlike ongevallen nie meer in die pad van die gewapende stryd kon staan nie. Dit is met die voetsoolvlak gekommunikeer op 'n manier dat die operateurs kon verstaan dat alle vroeëre morele grense oorskry mog word, en die gevolg was 'n ordinêre terreurveldtog wat moreel met dié van Al-Kaïda gelykstaan. Teen 1987 het die leiers vir die slegte publisiteit geskrik en MK probeer inhou, maar die gewapende vleuel was buite beheer. Bowendien het die gewapende stryd, volgens ANC-leiers se eie erkenning, misluk.

INLEIDING

Die verskyning van dié uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* – Desember 2011 – val min of meer saam met die 50-jarige herdenking van die begin van die ANC/SACP se gewapende

stryd.¹ Op 16 Desember 1961 het verskeie bomme onder elektriese maste ontplof. In 'n verklaring waarin die bestaan van Umkhonto we Sizwe (MK) as bevrydingsleër aangekondig is, het die opsteller, Nelson Mandela, onder meer geskryf:

The time comes in the life of any nation when there remain only two choices: to submit or to fight. That time has now come to South Africa. We shall not submit and we have no choice but to hit back by all means within our power in defence of our people, our future and our freedom.²

Die gewapende stryd van die ANC kan nie in isolasie gesien word van die wyse waarop die swartes die destydse apartheidsbeleid ervaar het nie. Voldoende literatuur bestaan oor welke intense gevoelens die – soos dit gevoel is – onreg en diskriminasie waarmee apartheid gepaardgegaan het, by die swart en bruin mense gewek het. In sy outobiografie beskryf Nelson Mandela die beleid byvoorbeeld as

diabolical in its reach and overwhelming in its power. The premise of apartheid was that whites were superior to Africans, Coloureds and Indians, and the function of it was to entrench white supremacy for ever. As the Nationalists put it, “*Die wit man moet altyd baas wees*” (“The white man must always remain boss”). Their platform rested on the term: *baasskap*, literally “boss-ship”, a loaded word that stood for white supremacy in all its harshness.³

Die bewoording van die MK-manifes van 1961, wat hierbo aangehaal is, was 'n regstreekse gevolg van dié persepsie van apartheid.

Volgens Mandela had MK reg aan die begin vier alternatiewe: Sabotasie, guerrilla-oorlog, terreur en openlike revolusie. Die laaste drie is verwerp. Sabotasie was dus die keuse, en die rede was moreel van aard: “Because it did not involve loss of life, it offered the best hope for reconciliation among the races afterwards.” Die doel, het hy geskryf – en dit is belangrik – was bloot “to force the government to the bargaining table”.⁴ Volgens Rocky Williams, 'n MK-lid, is MK se eerste veldtogte dus gekenmerk deur “a strong element of moral restraint”.⁵

In die dekades wat hierop gevolg het, sou die ANC/SAKP dikwels daarop hamer dat hulle tot in dié stadium geweldlose verzet teen apartheid gepleeg het, maar dat dit met brute geweld deur die apartheidsregering begroet is. Dit het hulle geen ander keuse gelaat as om tot geweld oor te gaan nie. En selfs toe dit gedoen is, was die doel streng om bloedvergieting te vermy: “The

¹ Vir 'n relaas hoe die ANC- en SAKP-leiers besluit het om tot geweld oor te gaan, kyk Bernard Magubane et. al: “The turn to armed struggle”, in Bernard Magubane (red.): *The Road to Democracy in South Africa, volume I (1960-1970)* (Kaapstad, Zebra Press, 2004), pp. 80-84 en 86; Ben Turok: *Nothing but the Truth, Behind the ANC's Struggle Politics* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2003), pp. 122-123; Scott Everett Couper: “‘An embarrassment to the Congresses?’: The silencing of Chief Albert Luthuli and the production of ANC history” (*Journal of Southern African Studies*, 35/2, Junie 2009), pp. 331-348.

² Nelson Mandela: *The Struggle is my Life. His Speeches and Writings 1944-1990* (Cape Town/Johannesburg, David Philip, 1994), p. 122 (MK-manifes, 16.12.1961); Anthony Sampson: *Mandela. The Authorised Biography* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1999), p. 166.

³ Nelson Mandela: *Long Walk to Freedom. The Autobiography of Nelson Mandela* (London, Abacus, 1994), pp. 127-128.

⁴ Mandela: *Long Walk to Freedom*, pp. 325-326, 328 en 336. Vgl. ook Turok: *Nothing but the Truth*, p. 136.

⁵ Rocky Williams: “Before we forget: Writing the history of Umkhonto we Sizwe between 1961-2000” (*Journal of Peace, Conflict and Military Studies*, 1/1, Maart 2000).

ANC ... did not approve of attacks on 'civilian targets',” het die beweging in sy voorlegging aan die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) betoog. “Attacks on civilian targets would be morally indefensible, and strategically senseless ...”.⁶

Wie ewenwel die laaste jare van die gewapende stryd onthou, sal weet dat dít nie is soos dit geëindig het nie. Die jare tagtig van die vorige eeu is toenemend gekenmerk deur bomme wat in restaurante en winkelsentrums ontplof, sluipmoorde en “halssnoer”-moorde op mense wat as kollaborateurs van die regering beskou is. Dié artikel is dus bedoel om die oorsake van dié ommekeer te ontleed, veral die rol wat die ANC se tweede raadplegende konferensie van Junie 1985 te Kabwe, Zambië, daarin gespeel het.

DIE EERSTE FASES VAN DIE GEWAPENDE STRYD

Die hoë moraliteit waarmee Mandela die gewapende stryd aangepak het, moes egter gou plek maak vir die harde werklikhede van die intrinsieke aard van geweld en die wyse waarop dit gewoonlik blitsnel eskaleer. Die sabotasieveldtog het nie vrugte afgewerp nie. Die Regering het nie tot inkeer gekom nie en apartheid is nie afgeskaf nie. Bowendien het baie aktiviste die sabotasieveldtog slegs as 'n begin van 'n volskaalse guerrilla-oorlog gesien.⁷ Dit het die vorm aangeneem van 'n uitvoerige plan vir 'n gewapende opstand, bekend as Operasie Mayibuye. Dié dokument, geskryf deur Joe Slovo en Govan Mbeki, was 'n plan vir 'n inval van buite die land, gekoppel aan 'n binnelandse opstand. Dit sou begin met 'n landing – hetsy van die see of uit die lug – van vier groepe van 30 vegters elk, met genoeg voorrade vir 'n maand. Dié mense sou begroet word deur 'n leër van 7 000 gewapende en opgeleide man in die Oos-Kaap/Transkei, Natal/Zoeloeland, Noordwes-Transvaal en die Noordwes-Kaap.⁸

Operasie Mayibuye was, soos die Mandela-biograaf Anthony Sampson dit stel, “a reckless and unrealistic scheme”.⁹ Die probleem was tweërlei. In die eerste plek was die opstellers van die dokument baie naïef in hul verwagting van hulp van buite die land. Hulle het selfs gemeen dat Afrikastate die vliegtuie sou verskaf vir 'n valskermaanval van MK op Suid-Afrika.¹⁰ Verder was die verwagting dat 'n leër van 7 000 gewapende en opgeleide vegters vir die inval sou wag, totaal onrealisties. Selfs in die jare tagtig, toe MK meer professioneel geword het, kon hy nooit 'n beduidende mag binne die land handhaaf nie.

In die tweede plek het die plan die beperkinge van die geografie geïgnoreer. 'n Guerrilla-oorlog word vergemaklik as die insurgente vanuit veilige basisse in vriendelike naburige state kan opereer. In Suid-Afrika se geval is die land destyds omring deur blank-geregeerde gebiede – Rhodesië in die noorde en die Portugese kolonies Mosambiek en Angola in die ooste en noordweste. Suidwes-Afrika, later Namibië, was stewig in Suid-Afrikaanse hande. Dit het beteken dat kommunikasie tussen die hoofkwartier en die guerrillas op voetsoolvlak vir alle praktiese doeleindes onmoontlik was. Dit het ook die infiltrasie van guerrillas geweldig bemoeilik.

⁶ ANC: “Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the Commission for Truth and Reconciliation”, by www.anc.org.za/2645.

⁷ Magubane et. al.: “The turn to armed struggle”, in Magubane (red.): *The Road to Democracy in South Africa*, I, pp. 137-139. Vgl. ook Sampson: *Mandela*, p. 159.

⁸ “Operation Mayibuye” (by www.anc.org.za/show.php?id=4699).

⁹ Sampson: *Mandela*, p. 184.

¹⁰ Joe Slovo: “It was just the beginning – The MK sabotage campaign”, in *Submit or Fight! 30 Years of Umkhonto we Sizwe* (Johannesburg, South African Communist Party Political Education Section, 1991); Joe Slovo: “The sabotage campaign” (*Dawn Souvenir Issue 1986*, p. 24).

Hoe ook al, die MK-leiers het nooit die kans gekry om die plan in werking te stel nie. Op 11 Julie 1963 het die Polisie toegeslaan op die kleinhoewe Lilliesleaf in Rivonia buite Johannesburg. Die belangrikste leiers van Operasie Mayibuye is in hegtenis geneem. Mandela is reeds maande tevore by 'n ander geleentheid aangehou.

Dit was 'n swaar terugslag en die einde van Mayibuye. In ballingskap het dit vir die oorblyfsels van die ANC/SAKP en MK jare geduur om te hergroepeer. Die Tanzaniese regering het 'n stuk grond beskikbaar gestel sodat die ANC 'n politieke en militêre basis kon oprig. Daar het die ballinge gestagneer. Sommige MK-vegters wat militêre opleiding in die Sowjet-Unie ontvang het, was ongeduldig en wou aksie sien, maar dit was asof die ANC verlam was. Niks het gebeur nie, en die verveling het ondraaglik geword. Daar was klagte van korrupsie, misbruik van mag en bevoordeling van sekere etniese groepe. Die lewensomstandighede van die gewone lede was miserabel, terwyl diegene in bevel allerlei soorte luukshede had. 'n Muietery het gedreig.¹¹

Meer om die moreel te verbeter as enigiets anders het die MK-opperbevel dus besluit om 'n groot operasie te onderneem. Dit was die sogenaamde Wankie-veldtog van 1967, waarin 'n groep MK-vegters, in die woorde van hul bevelvoerder, Chris Hani, geprobeer het "to establish an MK presence in Zimbabwe which could be used in future to service MK combatants passing through".¹² Die operasie was egter 'n fiasko. Die guerrillas se kos, water en ammunisie het opgeraak, die plaaslike bevolking het hulle plek-plek met argwaan bejeën, en die druk van die Rhodesiese veiligheidsmagte was ondraaglik. Hani moes dus die moeilike besluit neem om die grens met Botswana oor te steek en hom aan dié land se polisie oor te gee.¹³ Net 'n paar MK-lede het Suid-Afrika inderdaad bereik, en hulle is vinnig gevang. Een het selfs 'n polisie-informant geword en in verskeie hofsake teen lede van die ANC getuig. Hy en sy vrou is later in hul slaap deur die ANC doodgemaak.¹⁴ Twee ander soortgelyke operasies het ook misluk.¹⁵

Die mislukte veldtogte in Rhodesië het 'n felle debat in die ANC laat losbars. Na 'n woedende Chris Hani se terugkeer na Tanzanië (hy is ná 18 maande in die gevangenis in Botswana vrygelaat nadat die Organisasie vir Afrika-Eenheid swaar druk uitgeoefen het) het hy en ses ander MK-offisiere 'n verwoestend-kritiese ontleding van die ANC se amateuragtige benadering tot die revolusie geskryf. In die memorandum het hulle 'n vertrouensbreuk tussen hulle en die beweging se leiding blootgelê en dramaties verwys na "the frightening depth reached by the rot in the ANC and disintegration of MK". Die leierskap, het hulle beweer, was "completely divorced from the situation in South Africa". Die memorandum het verder gewag gemaak van "the careerism of the ANC leadership abroad, who have, in every sense, become professional politicians rather than

¹¹ Kyk bv. Thula Bopela en Daluxolo Luthuli: *Unkhonto we Sizwe. Fighting for a Divided People* (Alberton, Galago, 2005), hoofstuk 7.

¹² Chris Hani: "The Wankie Campaign", 1986, in Thomas G. Karis and Gail M. Gerhardt (reds.): *From Protest to Challenge, volume 5: Nadir and Resurgence, 1964-1979* (Pretoria, Unisa Press, 1997), pp. 374-375.

¹³ Vgl. Ibid., p. 299; Stephen Ellis en Tsepo Sechaba (pseud.): *Comrades against Apartheid. The ANC & the South African Communist Party in Exile* (London, James Currey, 1992), pp. 48-50; Herman Stadler: *The Other Side of the Story. A True Perspective*, (Johannesburg, Contract, 1997), p. 29; Nicky van Driel: "The Wankie Campaign. The ANC's first armed military operation: July – September 1967 (MA-verhandelings, UWK, 2003), by www.sahistory.org.za/pages/library-resources/thesis/vandriel-thesis/menu-index.htm.

¹⁴ Stadler: *The Other Side of the Story*, p. 29; Rendani Moses Ranilala et.al: "The Wankie and Sipolilo Campaigns", in Magubane (ed.): *The Road to Democracy in South Africa*, I, p. 532.

¹⁵ Tom Lodge: *Black Politics in South Africa since 1945* (Johannesburg, Ravan, 1983), p. 299; Ellis en Sechaba (pseud.): *Comrades against Apartheid*, pp. 49-50; Vladimir Shubin: *ANC: A View from Moscow* (Bellville, Mayibuye, 1999), p. 80.

professional revolutionaries". Ten slotte het die ondergetekendes 'n volle ANC-konferensie geëis om hul klagtes aan te hoor.¹⁶

Hierdie klagtes is aanvanklik woedend deur die ANC-leiers ontvang, en sommige het selfs gemeen Hani en sy mede-ondertekenaars moet die doodstraf daarvoor kry. Nietemin is hulle ná 'n tydelike skorsing in hul posisies herstel, en hul hoof-eis, dat 'n konferensie gehou moet word, is toegestaan. Dit het gelei tot die raadplegende konferensie te Morogoro in April 1969.¹⁷

Maar ondanks dit het die gewapende stryd nie gevorder nie. 'n Interne ANC-dokument in 1970 het toegegee dat sy organisasie in Suid-Afrika "almost dead" was.¹⁸ Dit sou tot laat in die sewentigs duur voordat MK weer daarin kon slaag om 'n skoot op Suid-Afrikaanse grondgebied te skiet.

Die fondament hiervoor is gelê deur sekere dramatiese internasionale politieke ontwikkelinge. In April 1974 is die outoritêre Portugese regering deur 'n staatsgreep omvergewerp. Die nuwe regering het hom haastig aan sy Afrika-kolonies, Mosambiek, Angola en Guinee-Bissau, onttrek. Dit het die Suider-Afrikaanse geostrategiese situasie aansienlik gewysig deurdat die verdedigende kordon rondom Suid-Afrika behoorlik verswak is. Ofskoon Rhodesië nog tot 1980 onder blanke beheer gebly het, het Suid-Afrika nou 'n grens gedeel met die onafhanklike Mosambiek en Suidwes-Afrika met Angola – albei lande wat spoedig amptelik die Marxisties-Leninistiese staatsfilosofie aanvaar het. Hierna sou albei morele en militêre steun verleen aan die ANC en sy Namibiese eweknie, Swapo.

In 1976 is die Suid-Afrikaanse regering se strategiese posisie verder verswak deur die spontane uitbarsting van woede in die strate van Soweto, iets wat blitsvinnig na die res van die land versprei het. Die onluste is weliswaar onderdruk, maar dis met 'n swaar hand gedoen wat die swart bevolking nog meer vervreem het. 'n Nuwe uitdagendheid en vasberadenheid teenoor die blanke heersers het hom van veral die jonger geslag swartes meester gemaak. Vir die eerste keer is 'n potensieel revolusionêre situasie geskep – op voorwaarde dat die woede behoorlik gekanaliseer kon word.

Dit sou nie maklik gebeur nie. In interne dokumente het die ANC toegegee dat die onluste hom onkant betrap het.¹⁹ Die opstandelinge was meer beïnvloed deur die Swartbewussynsdenke as deur die Marxistiese idees van die ANC/SAKP. Die ANC moes dus vinnig beweeg om beheer oor die revolusie te behou.

Aanvanklik was dit vir die ANC nogal 'n probleem om die stroom woedende jong swartes wat hulle in die vreemde by hom aanmeld het te akkommodeer. Maar teen 1977 kon MK uiteindelik sy eerste insurgente sedert 1963 in Suid-Afrika laat insypel. Strukture om die kommunikasie tussen die interne en eksterne revolusionêre te vergemaklik is in Swaziland en Lesotho gevestig.²⁰

In Oktober 1978 het 'n stroomversnelling begin. 'n ANC/SAKP-afvaardiging, bestaande uit Oliver Tambo, Joe Slovo, Thabo Mbeki, Joe Modise, Moses Mabhida en Cassius Make, het die regering en militêre leierskap van Noord-Viëtnam besoek, die kommunistiese land wat 'n paar

¹⁶ Hugh Macmillan: "The Hani Memorandum – introduced and annotated" (*Transformation*, 69, Januarie 2009). Vgl. ook Turok: *Nothing but the Truth*, pp. 287-302.

¹⁷ Vgl. oor dié konferensie Nhlanhla Ndebele en Noord Niefertagdien: "The Morogoro conference: A moment of self-reflection", in Magubane: *The Road to Democracy in South Africa*, I, pp.573-600. Kyk ook Arianna Lissoni: "Transformations in the ANC external mission and Umkhonto we Sizwe, c. 1960-1969" (*Journal of Southern African Studies*, 35/2, Junie 2009), pp. 299-300.

¹⁸ Karis en Gerhart (reds.): *From Protest to Challenge*, V, p. 51.

¹⁹ Jan-Adriaan Stemmet: "Apartheid under siege, 1984-1988. Actions and reactions" (ongepubliseerde doktrale proefskrif, UV, 2003), p. 56.

²⁰ Shubin: *ANC. The View from Moscow*, p. 162; Rocky Williams: "The other armies – a brief historical overview of Umkhonto we Sizwe (MK), 1961-1994" (*Military History Journal*, 11/5).

jaar tevore 'n "volksoorlog" of "people's war" gebruik het om van die kapitalistiese Suid-Viëtnamese regime en die Amerikaners wat hulle bygestaan het, ontslae te raak. Die ANC-leiers is uitvoerig oor die oorlog voorgelig, onder meer deur die legendariese genl. Vo Nguyen Giap, en het 'n toer deur die land gemaak.²¹ Wladimir Sjoebin skryf, heeltemal korrek, dat "it is difficult to overestimate the importance of the 1978 visit". Tambo en die ander was "deeply impressed" deur die Viëtnamese benadering.²²

Terug in Suid-Afrika het die ANC-leiers, bygestaan deur ander wat nie deel van die besoekerspan was nie, 'n reeks byeenkomste tussen Desember 1978 en Maart 1979 in Luanda, Maputo en Lusaka gehou. Volgens die dokument wat deur dié vergaderings aanvaar is – hierna bekend as die "Green Book" – het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat "the Vietnam experience reveals certain shortcomings on our part". Die afgevaardigdes het die vraag bespreek of die gryp van die mag sou wees "the result of a general all-round *nation-wide insurrection* which a period of armed struggle will have helped to stimulate" – die benadering wat tot dusver gevolg is – "or are we embarked on a *protracted people's war* in which partial and general uprisings will play a vital role?" Die keuse het op laasgenoemde antwoord geval: Só 'n "people's war" "can only take root and develop if it grows out of, and is based on, political revolutionary bases amongst the people".²³

Die voorbeeld van Viëtnam was juis dat die gewapende stryd – altans in die begin – minder belangrik was as die politieke mobilisering van die bevolking. Die gewapende stryd moes in die beginstadium beperk bly tot "gewapende propaganda", waar gewapende aksies bloot dien as kommunikasiemiddel om aan die bevolking duidelik te maak dat die opstandelinge dáár was en dat daar aan die mense se bevryding gewerk word.²⁴

Daar is dus besluit om die ANC se ondergrondse teenwoordigheid in Suid-Afrika uit te brei en om die beste elemente "from the principal social force of the revolution – the workers and landless mass" te rekruteer; om die breëds moontlike front teweeg te bring om die regime aan te pak; om leierskap en rigting vir die revolusie te verskaf; en "to maintain our independence as the vanguard of our revolution". Rakende die gewapende stryd self sou die doel voortaan wees "to keep alive the perspective of People's revolutionary violence as the ultimate weapon for the seizure of power", en, belangriker nog op kort termyn, "to concentrate on armed propaganda actions", gedefinieer as "armed action whose immediate purpose is to support and stimulate political activity rather than to hit at the enemy".²⁵

Op die duur het dit alles uitgekristalliseer in wat die ANC genoem het die "Four Pillars of the Revolution":

- Die opbou van ondergrondse ANC-strukture;
- Massa-aksie waarin die breëds moontlike verenigde front gebou sou word;
- Die internasionale isolasie van die apartheidsregime; en
- Die gewapende stryd.²⁶

²¹ Luli Callinicos: *Oliver Tambo. Beyond the Engeli Mountains* (Claremont, David Philip, 2004), pp. 522-535; Mark Gevisser: *Thabo Mbeki* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2007), pp. 405-406 en 466-467; Anthea Jeffery: *People's War. New Light on the Struggle for South Africa* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2009), pp. 25-26.

²² Shubin: ANC. *The View from Moscow*, pp. 194-195.

²³ Karis en Gerhart (reds.): *From Protest to Challenge*, V, pp. 720-734.

²⁴ Vir 'n breedvoerige uiteensetting, vgl. Cecil B. Curry: *Victory at Any Cost. The Genius of Vietnam's Gen. Vo Nguyen Giap* (Dulles, Brassey, 1999), veral pp. 79-84.

²⁵ Karis en Gerhart (reds.): *From Protest to Challenge*, V, pp. 720-734.

²⁶ Vgl. Oliver Tambo se Nuwejaarsboodskap, 8.1.1984, by <http://www.anc.org.za/2632>.

Feit was dat 'n klassieke guerrilla-oorlog eenvoudig nie in Suid-Afrika moontlik was nie. Soos Thabo Mbeki, waarskynlik een van die intelligentste ANC-leiers, in 1980 aan 'n Amerikaanse koerant verduidelik het:

We can't fight a bush war in South Africa. Look at the map. It is all developed. There are roads, radios and landing strips everywhere. This is not Angola or Mozambique. We do not have forests. The (military) machine would smash us if we tried to send in an army from outlying areas. Also, 87% of the Whites are in towns and cities. Our masses have to serve as our bush. The Black community is our bush.²⁷

Met dié strategie het die ANC 'n hoogs gesofistikeerde en allesomvattende strategie aanvaar waarvolgens die gewapende stryd slegs een van vier pilare was. Alle anti-apartheidskragte sou ingesuij word in 'n breë alliansie. Dit sou die Pretoria-regering sowel binnenslands as buitenslands isoleer en die land onregeerbaar maak ('n idee wat aan Mbeki toegeskryf word²⁸) en sy vermoë om te funksioneer kortwiek. Uiteindelik, so was die idee, sou die regering tot stilstand knars en 'n situasie skep waarin die ANC die mag kon oorneem. Die kragtigste wapen sou nie die geweer, landmyn of bom wees nie (ofskoon dit wel 'n rol sou speel), maar die oorweldigende getalle van die swart bevolking. Hulle sou hul vetoreg oor die wit regering uitspreek. Dit sou 'n ruk duur, maar dit was haalbaar, het die ANC geglo.

Joe Nhlanhla het die ANC se strategiese toekomsvisie uitstekend verwoord:

One feature of the People's war is the growing involvement of the people in all fields of confrontation with the enemy. There is no diminishing of the political role. As the struggle intensifies, the confrontation becomes total engulfing all spheres of social life, political, economic, social, cultural and military. The saying that war is the extension of politics by other means is clearly discernible here.²⁹

Maar, soos Howard Barrell, self 'n gewese ANC-operateur, in sy studie oor die ANC se gewapende stryd skryf: "The lasting impression is of an ANC which is eloquent in its reasoning and its resolutions but hidebound or incompetent in implementation."³⁰

MK het dié nuwe fase op skouspelagtige wyse begin met aanvalle op polisiekantore, die militêre dorp Voortrekkerhoogte, en 'n gelyktydige en goed gekoördineerde aanval op vier olieraffinaderye van die staatskorporasie Sasol. Daar was doelbewus geen ongevalle nie, en aksies wat die bloed sou laat vloei, is vermy.³¹ Maar dit sou spoedig verander.

Die Suid-Afrikaanse regering was nie bereid om die reeks MK-aanvalle van die laat sewentigs, wat hoofsaaklik vanuit Mosambiek gedoen is, ongestraf te laat verbygaan nie. 'n Aanval op sekere ANC-huise in die woonbuurt Matola in Maputo is gevolglik in 1981 deur Spesmagte van die

²⁷ Hilton Hamann: *Days of the Generals. The Untold Story of South Africa's Apartheid-era Military Generals* (Cape Town, Zebra, 2001), p. 123.

²⁸ Ellis en Sechaba (pseud.): *Comrades against Apartheid*, p. 144; Callinicos: *Oliver Tambo*, p. 558; Adrian Hadland en Jovial Rantao: *The Life and Times of Thabo Mbeki* (Rivonia, Zebra, 1999), p. 50.

²⁹ Joe Nhlanhla: "Has the time come for arming the masses?", p. 6, by disa.nu.ac.za/index.php?option=com_displaydc&recordID=spe19831021.026.021.000

³⁰ Howard Barrell: "Conscripts to their age. African National Congress operational strategy, 1976-1986" (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Oxford, 1993), p. 461.

³¹ Callinicos: *Oliver Tambo*, p. 530.

Weermag gedoen, en 12 mense is gedood.³² Dit het die ANC se leier, Oliver Tambo, ernstig gekwel, en op die gesneuwelde ANC-lede se begrafnis het hy wraak gesweer. Hy het die Suid-Afrikaanse regering “a terrorist in our midst” genoem, en vervolg:

For our part as the African National Congress, we pledge here today, that we shall respond to this signal, this challenge – we shall respond in South Africa. ... From now on the forces of liberation in South Africa will engage the enemy at the level which the enemy himself has prescribed. And therefore it is not the end for the Matola 12, rather it is the beginning ...³³

Die proses van wedersydse eskalasie het begin, soos ’n toespraak van Tambo by nog ’n begrafnis, dié van die ANC-leier Joe Gqabi (wat iets later deur agente van die regering in Harare om die lewe gebring is) illustreer: “[I]t was Matola yesterday; it is Ashdown in Salisbury [waar Gqabi gesterf het] today, but tomorrow it will be Pretoria”.³⁴ En sy beskermeling Thabo Mbeki het bygevoeg deur te sê baie min wittes sterf in die stryd: “They must begin to die as we are dying. That’s the nature of war. So suffering there will be on our side, but let there be suffering also on the other side.”³⁵

In 1983 het die MK-leiers in Maputo bymekaargekom, waar hulle besluit het om MK se bevel en beheer te stroomlyn. Die nuwe struktuur sou gedentraliseer word, en voorwaartse bevelvoerders – so verduidelik Tsepe Motumi, wat self ’n MK-vegter was – “gained greater operational freedom in terms of planning, operations, communication and execution of operations”.³⁶ Aan die WVK het die ANC later verduidelik dat MK se opleiding “had always emphasised the need for personal initiative, and sought to develop the capacity of operatives to use their own discretion based on strict political considerations. Except for major operations, senior commanders provided guidelines and a framework within operatives were expected to execute their mission ...”.³⁷

Dié besluit was belangrik. Dit het beteken dat taktiese beslissings – soos welke teikens om aan te val – nie langer deur die MK-hoofkwartier geneem sou word nie, dié sou slegs die breë strategiese rigting aandui. Operateurs op voetsoolvlak sou baie groter vryheid kry om self te besluit. Hoewel dié beslissing militêr begryplik was in die lig van die moeilike kommunikasie tussen die vegters op voetsoolvlak en die ANC-hoofkwartier in Lusaka, was dit ’n belangrike stap in die ontwikkeling van terreur, selfs al is sodanige terreur nooit amptelik deur die ANC as sodanig goedgekeur nie.

Voorlopig was die idee, soos dit in ’n interne MK-dokument gestel is, dat “there should be concentration on destroying enemy personnel”.³⁸ Maar op 20 Mei 1983 is blanke Suid-Afrikaners se gevoel van sekerheid ernstig geruk deur ’n bomontploffing in Kerkstraat in die binnestad van Pretoria, waarin 19 mense dood en oor die 200 beseer is. Van die gesneuweldes was 7 Lugmagpersoneel, nes 86 van die gewondes, maar die res was onskuldige burgerlike omstanders

³² Peter Stiff: *The Silent War. South African Recce Operations 1969-1994* (Alberton, Galago, 1999), hoofstuk 19.

³³ “Matola attack: ‘Let us reply!’” (*Mayibuye*, Maart 1981, pp. 4-5).

³⁴ “Speech by Oliver Tambo at the funeral of Joe Gqabi”, Harare, 9.8.1981, by www.anc.org.za/4387.

³⁵ “Perspectives of our struggle, part 2”, onderhoud deur Radio Freedom met Thabo Mbeki (*Dawn*, 7/81, p. 14).

³⁶ Tsepe Motumi: “Umkhonto we Sizwe – structure, training and force levels (1984 to 1994) (*African Defence Review*, 18/1994, p. 4).

³⁷ African National Congress: “Statement to the Truth and Reconciliation Commission”, p. 58.

³⁸ *Ibid.*, p. 50.

(onder wie 6 swartes), asook die twee mans wat die bom geplant het. Die ANC het beweer dat die teiken die Lugmag-hoofkwartier – en dus ’n wettige militêre doelwit – was.³⁹ In werklikheid was die teiken glad nie die Lugmag-hoofkwartier nie, maar intendeel ’n burgerlike gebou van Nedbank waar die Lugmag kantore op die tweede verdieping gehuur het. Die egte hoofkwartier was ’n hele ent weg. Die motorbom het reg voor ’n skoenwinkel en ’n bank aan die ander kant van die straat ontplof. Die bom was só kragtig dat dit vensters tot die 21ste verdieping aan skerwe laat spat het, waardeur baie mense beseer is.⁴⁰ Om dit ’n aanslag op ’n wettige militêre doelwit te noem, rek die waarheid baie ver.

In sy getuienis voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie het Aboobaker Ismail, bevelvoerder van die eenheid wat die Kerkstraatbom-aanslag uitgevoer het, gesê die aksie was gemik teen die apartheidsstaat se “soft underbelly”: “We aimed at military personnel. We understood that there may be civilian casualties, but ... we would not, for the sake of saving a few lives, stop ourselves from fulfilling objectives in order to bring an end to that heinous apartheid state.”⁴¹ ’n MK-lid wat homself “Sipho Jama” noem, het ook nog in die ANC-propagandablad *Sechaba* geskryf “the fact that there were not more deaths shows that there was discrimination [bedoelende sorgvuldigheid om burgerlike ongevalle te vermy] on the part of the ANC”.⁴²

In verskeie persoonderhoude en toesprake het Oliver Tambo geen berou oor die Kerkstraatbom getoon nie. “Elke keer as daar sprake is van burgerlike slagoffers,” het hy woedend aan die Paryse dagblad *Le Monde*, gesê, “word daar slegs na blankes verwys; Hoeveel swart burgerlikes is in 30 jaar van apartheid gedood? Duisende.”⁴³ In ’n toespraak voor Australiese universiteitstudente het hy die wêreld aangekla omdat die ANC weens die dood van 19 “wittes” (sic!) ’n terreurorganisasie genoem is. Sarkasties het hy daarop laat volg:

The regime is not terrorist, notwithstanding the thousands it has killed by them, and the thousands it has killed since ... And so that is how the ANC became terrorist. Because for the first time in 1983, after a chain of massacres against our people in assassinations, it targets a military establishment in which there happen to be, well let’s say civilians, innocent too for that matter.⁴⁴

In sy voorlegging voor die WVK het die ANC die aksie ook kliphard verdedig. “There is no doubt whatsoever that this was overwhelmingly a military target,” het die beweging gesê. “Many of those injured may not have been military officers but were employed by the SAAF, and had thereby associated themselves with apartheid military aggression.” In sommige opsigte, het die ANC gesê, was die Kerkstraatbom “a decisive step towards waging urban guerrilla warfare”.⁴⁵ Dit is moeilik om met laasgenoemde te verskil.

DIE KONFERENSIE VAN KABWE

Die jaar 1985 het op ’n hoë noot vir die ANC/SAKP begin. Net enkele weke tevore het die Vaaldriehoek in woede ontplof, en binne ’n kort tyd was ’n groot deel van Suid-Afrika by wyse

³⁹ Ibid., p. 59.

⁴⁰ Stadler: *The other Side of the Story*, p. 177.

⁴¹ Getuienis van Aboobaker Ismail, 6.5.1998, by www.justice.gov.za/trc/amntrans/pta/ismail1.htm.

⁴² “Sipho Jama” (pseud.): “Questions of Justice and War” (*Sechaba*, Januarie 1985, p. 20).

⁴³ Onderhoud met Oliver Tambo in *Le Monde*, 11.6.1983, by www.anc.org.za/4424.

⁴⁴ Toespraak by die La Trobe-Universiteit, Australië, 3.4.1987, by www.anc.org.za/4524.

⁴⁵ African National Congress: “Statement to the Truth and Reconciliation Commission”, p. 59.

van spreke in vlamme. Maak die land onregeerbaar! was Tambo se oproep aan swart Suid-Afrikaners op 8 Januarie 1985 – ’n oproep wat reg uit die handboek van die Viëtnamese stryd teen die Franse kolonialiste gekom het.⁴⁶

Die Konferensie van Kabwe het van 16 tot 23 Junie 1985 in die Zambiese myndorp Kabwe plaasgevind. Dit is deur sowat 250 afgevaardigdes bygewoon⁴⁷ en is vooraf deur Alfred Nzo, sekretaris-generaal van die ANC, as “a conference of escalation” beskryf.⁴⁸

Die agtergrond was interessant: Die ANC/SAKP is in die vroeë jare tagtig gekenmerk deur onder meer toenemende ontevredenheid onder die MK-kaders in Angola. Die bewegings het duisende nuwe rekrute gekry, woedende en militante jong swartes wat ná die gewelddadige onderdrukking van die 1976-opstand na die buiteland uitgewyk het en deur die ANC opgevang is. Onder hulle, so het die leiding van die ANC/SAKP gevrees, kon heelparty spioene en saboteurs van die Suid-Afrikaanse regering hulle bevind. In dié klimaat van groeiende “paranoia and hysteria”, soos Chris Hani self erken het,⁴⁹ het die bewegings se geheime polisie die beginsel gehanteer dat “every new individual is ‘suspect’ until proven innocent”.⁵⁰ Dié willekeurige en diktatoriale behandeling wat die gewone kaders te beurt geval het, saam met die feit dat hulle magtelos in die Angolese kampe gesit het, terwyl hulle gebrand het om teen die wit regering in Suid-Afrika te gaan veg, het vroeg in 1984 aanleiding gegee tot twee muiterye waarin die opstandelinge groter interne demokrasie en verantwoordbaarheid van die leiding geëis het. Die muiterye is albei met brute geweld en met behulp van die Angolese leër onderdruk, maar ten slotte het die leiers besluit om die ontevredenheid te probeer ontloot deur ’n raadplegende konferensie – die eerste sedert dié van Morogoro in 1969 – te hou.⁵¹

Van openheid, deursigtigheid en demokrasie het dié konferensie egter nie eintlik getuig nie. Dit is vantevore uitstekend geregissee en gemanipuleer deur die SAKP. Om die SAKP se rol te Kabwe behoorlik te verstaan, moet ’n mens daarop wys dat die party reeds sedert die jare twintig op bevel van die Kremlin ’n revolusie in twee fases in die vooruitsig gestel het. In die eerste sou die party ’n strydbare *bourgeois*-organisasie (in dié geval die ANC) aan die bewind help. In dié fase moes die SAKP enersyds sy eie organisatoriese en ideologiese identiteit handhaaf, maar andersyds sorg dat sy lede sleutelposisies in die ANC verwerf. Wanneer die ANC dan die bewind oorneem, sou die SAKP goed geplaas wees vir die tweede fase, die oorname deur homself.⁵²

Teen die tyd dat die Morogoro-konferensie in 1969 plaasgevind het, het die ANC reeds belangrike aspekte van die SAKP se ideologie oorgeneem, maar in die proses het die party organisatories steeds tweede viool gespeel. In 1970 het die SAKP dus besluit dat hy sy voorhoederol moes herstel “to assert its ideology and the leadership of the working class. At the same time the

⁴⁶ African National Congress: “Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 73rd Anniversary of the ANC”, 8.1.1985, by www.anc.org.za/show.php?id=2631. Vgl. ook Padraig O’Malley: *Shades of Difference. Mac Maharaj and the Struggle for South Africa* (New York, Viking, 2007), p. 232.

⁴⁷ Oliver Tambo: “Communique of the Second National Consultative Conference of the African National Congress (*Mayibuye*, Junie 1985, p. 5).

⁴⁸ Alfred Nzo: “A Conference of escalation” (*Dawn*, 2/1985, p. 2).

⁴⁹ Hein Marais: “Hani opens up” (*Work in Progress*, Junie 1992, p. 19).

⁵⁰ Shubin: *ANC: The View from Moscow*, p. 312.

⁵¹ Vir die volledige geskiedenis hiervan, kyk Leopold en Ingrid Scholtz: “Die ANC/SAKP in Angola: ’n Gevallestudie rakende Interne Demokrasie” (*Historia*, 54/1, Mei 2009, pp. 211-238).

⁵² Vgl. hieroor Leopold en Ingrid Scholtz: “Die oorsprong en ontwikkeling van die SA Kommunistiese Party se tweefase-revolusie”, twee dele (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 30/3 en 30/4, September en Desember 2004).

Party will maintain and build its separate and independent political existence". Partylede was in die eerste plek trou aan die SAKP verskuldig, nie aan die ANC nie.⁵³ Die tyd het dus aangebreek dat die party sy leierskap van die revolusie moes herbevestig, nie bloot deur die aanwesigheid van partylede in die ANC nie, maar *as party*. Partylede sou verantwoordelik wees aan die Sentrale Komitee, ongeag watse posisies hulle in ander organisasies (lees: die ANC) beklee. Partylede moes hul aktiwiteite namens die Party geheim hou. Die beste en intelligentste revolusionêre kaders moes vir die Party gerekruteer word. Daar is ook besluit om 'n partybulletin in die lewe te roep wat slegs onder lede versprei sou word. Lede mog nie die inhoud "either directly or indirectly" aan nielede laat uitlek nie. SAKP-selle moet sorg dra dat daar van elke kopie van die bulletin verantwoording gedoen kan word.⁵⁴

Luidens die SAKP se eie interne stukke had partylede in die alliansie die reg "to discuss and decide collectively on their common approach to all matters which affect the basic direction and content of the revolutionary struggle, and to ensure that they advance and support such decision in any organ in which the matter rises". Bowendien is elke partylid "accountable to the Party collective". Dissiplinêre stappe kan gedoen word teen diegene wat dié beleid verbreek. Hulle moet egter nie só optree dat dit lyk of hulle besluite "impose" nie.⁵⁵ Met ander woorde, partylede mag apart en in die geheim op 'n kollektiewe standpunt besluit wat op ANC-byeenkomste ingeneem word, en al die lede moet dit dan steun. Die nielede mag egter nie daarvan weet nie.

Soos Stephen Ellis en "Tsepo Sechaba" (skuilnaam van Oyama Mabandla, 'n leidende SAKP-lid wat ontnugter geraak het) dit dan ook stel: "It would have been unthinkable for the Party to enter any major meeting of the ANC without having prepared its own position beforehand, knowing it could count on its members to advance the Party's line, without necessarily identifying it as such, in a larger ANC assembly."⁵⁶

'n Ooggetuieverslag van dié konferensie het 'n paar jaar later gelui dat dit "no grain of democracy" gehad het. Toe 'n paar verkose afgevaardigdes – die ANC het die meeste self benoem – sekere problematiese sake wou opper, "they were shouted down by [Chris] Hani, who categorically stated that the NEC [National Executive Committee] would guide the conference".⁵⁷ Inderdaad het die probleme in MK slegs sydelings en by implikasie aan die orde gekom.⁵⁸

Dié soort outoritêre optrede sou natuurlik nie die probleme in MK oplos nie. Die toestroming van duisende jong swartes ná die opstande van 1976 en 1984 het 'n ekstra militantheid in MK meegebring wat 'n uitlaatklop móés kry, en dit was in die ANC/SAKP-leierskap se belang dat dit nie verder teen hulle gemik word nie. Dit klink dus aanneemlik dat die besluit wat nou geneem is om die gewapende stryd te eskaleer onder meer teen dié agtergrond gesien moet word.

Luidens die amptelike notule van die konferensie is die volgende besluit geneem:

We can no longer allow our armed activities to be determined solely by the risk of civilian casualties. The time has come when those who stand in solid support of the race tyranny and who are its direct or indirect instruments, must themselves begin feeling the agony of our

⁵³ Ben Turok: *Nothing but the Truth*, p. 312.

⁵⁴ "Central Committee, Inner-Party Bulletin Number 1, Julie 1970, by www.aluka.org/action/doBrowse?t=646865&sa=xst&br=tax-collections|part-of|collection-minor&p=5.

⁵⁵ "Special resolution: Party work in the fraternal organisations", November 1981, by www.aluka.org/action/showPDF?doi=10.5555/AL.SFF.DOCUMENT.LET19811100.026.021.000&type=img.

⁵⁶ Ellis en Sechaba (pseud.): *Comrades against Apartheid*, pp. 146-148.

⁵⁷ "Mkatatshingo: (pseud.): "The ANC conference: From Kabwe to Johannesburg" (*Searchlight South Africa*, 2/2, Januarie 1991, p. 91).

⁵⁸ Scholtz en Scholtz: "Die ANC/SAKP in Angola" (*Historia*, 54/1, Mei 2009, pp. 224-225).

counter-blows. It is becoming more necessary than ever for whites to make it clear on which side of the battle lines they stand.⁵⁹

Die klaarblyklike algemene militante atmosfeer op die konferensie is verder gekenmerk deur 'n besluit van 'n belangrike kommissie, dat "[p]olitical and ideological education and training should include patriotism and boundless hatred for the enemy".⁶⁰

In die dae en weke ná dié konferensie is die resolusie uiteenlopend aan verskillende gehore verduidelik. Aan die een kant het Tambo in 'n onderhoud aan die Suid-Afrikaanse joernalis Anthony Heard gesê die vraag van sagte teikens was "exaggerated out of all proportion". Burgerlikes sou slegs in 'n "crossfire situation" getref word. "We will not go into cinemas and bars and places like that," het hy gesê.⁶¹ En toe hy die Buitlandsesake-komitee van die Britse Laerhuis toegesprek het, het hy volgehou dat die oorlog 'n stadium bereik het "in which, as happens in all conflicts, an innocent would be hit not deliberately but unavoidably".⁶²

Maar voor ander gehore was die boodskap ietwat anders. 'n Vlugskrif wat onder die opskrif *Take the Struggle to the White Areas* versprei is, het verkondig: "THE BATTLE LINES ARE DRAWN: The time has come to take the war to the White areas. White South Africa cannot be at peace while the Black townships are in flames."⁶³

Op 'n perskonferensie net ná die konferensie was Tambo self nog meer reguit. "The question of 'hard' and 'soft' targets is going to disappear in an intensified confrontation, in an escalating conflict. The question of soft targets was quite out of place during World War II, to mention a big war. ... I think the distinction between hard and soft targets is being erased by the development of the conflict."⁶⁴ In 'n oproep wat deur die ANC-tydskrif *Mayibuye* versprei is, het Tambo gesê die ANC kan geen "situation of peace and tranquility" in die blanke gebiede toelaat terwyl "the black townships are in flames".⁶⁵ En die ANC-Vroueliga het in dieselfde uitgawe swart vroue, opvallend sonder om besonderhede te gee, aangemoedig dat "we must take the struggle into the houses where we are working as domestic servants".⁶⁶

In 2002 het Aboobaker Ismail 'n soortgelyke vertolking as Tambo aan die Kabwe-besluit geheg:

The approach that was basically taken was that if there were military targets in civilian areas and the statement of OR [Tambo] was that we will no longer be able to hold back in striking against military targets and we accept that there may be some civilian casualties in the process. What was made quite plain was these were not strikes or attacks against civilian targets.⁶⁷

Of die ANC te Kabwe nou regtig besluit het om onskuldige blanke burgerlikes in groot getalle te teiken, is 'n debatteerbare punt. Waaroor daar minder twyfel kan wees – en dis belangrik – is dat

⁵⁹ "Second national consultative conference: Report, main decisions and recommendations", by www.anc.org.za/137.

⁶⁰ "Commission on cadre policy, political and ideological work", by www.anc.org.za/134.

⁶¹ Onderhoud met Anthony Heard, *Cape Times*, 4.11.1985.

⁶² Sheridan Johns en R. Hunt Davis (eds): *Mandela Tambo and the African National Congress. The Struggle against Apartheid 1948-1990. A Documentary Survey* (Oxford, Oxford University Press, 1991), p. 246.

⁶³ "Take the struggle to the White Areas!", by <http://www.anc.org.za/4677>.

⁶⁴ "Press conference in Lusaka: Oliver Tambo", 25.6.1985, by <http://www.anc.org.za/4467>. Die teks verskyn ook in *Mayibuye*, nr. 5/6 1985, pp. 8-11.

⁶⁵ "President Tambo addresses the nation on the state of emergency" (*Mayibuye*, nr. 7, 1985, p. 7).

⁶⁶ "Women's day" (ibid., p. 2).

⁶⁷ Onderhoud van Padraig O'Malley met Aboobaker Ismail, 21.2.2003 (by www.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv03445/04lv03833/05lv03891/06lv03900.htm).

die Kabwe-boodskap dubbelsinnig genoeg uitgestuur is dat militante MK-operateurs dit só kon verstaan as hulle wou. In sy voorlegging aan die WVK ná die oorlog het die ANC na die probleme van die lang en moeilike kommunikasielyne verwys wat operasionele beheer van die sentrum onmoontlik gemaak en die desentralisasie van bevel en beheer geverg het.⁶⁸ Feitelik is dit waarskynlik korrek (al het die ANC tydens die *struggle* beweer “that we have in fact developed many cadres inside the country who understand our policy very well, who are in daily contact with the situation ...”).⁶⁹ Maar daar kan ook geredeneer word dat as die ANC dit geweet het, kon hy dan nie voorsien het dat baie MK-vegters op voetsoolvlak in die leiding se taamlik dubbelsinnige boodskappe sou hoor wat hulle wóú hoor nie? Te Kabwe is daar inderdaad gekla oor die slegte dissipline en “general dangerous anarchistic behaviour” van die MK-kaders in die front-liniegebiede.⁷⁰ En selfs die ANC het erken dat kaders wat operasies “of this nature” onderneem het, “believed they were fulfilling the general direction to carry on the struggle to the white areas in accordance with the political will of the leadership of the ANC”.⁷¹

Bowendien het ’n groep MK-leiers toenemend tot die gevolgtrekking gekom dat álles blankes legitieme teikens was omdat dié glo aangemoedig was om hulself te bewapen. Mac Maharaj het aan sy biograaf erken: “We had to ask: ‘Are they civilians or are they an adjunct of the regime?’ A number of us argued – I certainly did – that the rules of this war were changing.”⁷²

DIE UITWERKING OP VOETSOOLVLAK

Suid-Afrika moes nie lank wag om te weet wat die uitwerking van die Kabwe-besluite op voetsoolvlak sou wees nie. Selfs terwyl die Kabwe-konferensie nog aan die gang was, het vier bomaanvalle in Durban en Oos-Londen plaasgevind. Die teikens was ’n hotel, ’n teekamer, ’n garage en ’n stadhuis. Nege burgerlikes is beseer.⁷³

In die jaar ná Kabwe tot Junie 1986 was daar 45 gewapende aanvalle met vuurwapens, handgranate, kleefmyne en motorbomme. Die teikens het ingesluit kragstasies, landdroskantore, poskantore, winkels (met inbegrip van OK Bazaars, Checkers, Game, Spar, ensovoorts), ’n hospitaal, restaurante en private huise. Altesame 20 mense is gedood (van wie slegs een ’n lid van die Polisie was) en 186 beseer (onder wie 4 Polisiebeamptes).⁷⁴

Volgens ’n voorlegging van ’n aantal SAW-generaals aan die WVK was daar ná die Kabwe-besluite ’n duidelike verskuiwing van harde na sagte teikens:⁷⁵

⁶⁸ “Further submissions and responses by the ANC re questions raised by the Commission for Truth and Reconciliation”, paragrawe 5.2 en 5.3, by www.anc.org.za/2645.

⁶⁹ “Political report of the NEC”, V (*Sechaba*, Februarie 1986, p. 5).

⁷⁰ “Commission on cadre policy, political and ideological work” by www.anc.org.za/134.

⁷¹ “Umkhonto we Sizwe Operational Report to the Truth and Reconciliation Commission”, by www.anc.org.za/2652.

⁷² O’Malley: *Shades of Difference*, p. 237.

⁷³ Stadler: *The Other Side of the Story*, p. 68.

⁷⁴ Stadler: *The Other Side of the Story*, pp. 68-69.

⁷⁵ In ons besit.

Periode	% Harde teikens	% Sagte teikens
1983	80	20
1984	63	37
1985	33	63
1986	17	83
1987	?	?
1988	31	69
1989	17	83

'n Statistiese analise van die SA Polisie wys die volgende patroon vir die jare 1976-'90:⁷⁶

Teiken	Getal insidente	Persentasie
Polisie	485	31,3
Militêr	63	4,1
Juridies	36	2,3
Staat	242	15,6
Ekonomies	339	21,9
Burgerlik	369	23,8
Ander	15	1,0

In sy doktorale proefskrif het Howard Barrell ook die tipe teikens wat MK deur die jare aangeval het, volgens tydperk geklassifiseer. Dit val op dat die kategorie "civilians" in die tydperk 1976-'79 slegs 5 en in 1980-'82 7 voorvalle opgelewer het. In 1983-'84 het dit aangegroei tot 14. Maar in 1985-'86, ná die Konferensie van Kabwe, het dit dramaties toegeneem tot 107.⁷⁷

Ondanks die destydse persepsie was dit ewenwel nie blankes se bloed wat die meeste gevloei het nie, maar dié van swartes in onderlinge geweld. Volgens syfers van Tom Lodge was die Polisie in 1986 nog vir 31,7% van die 1 298 swart gewelddadige sterfgevalle in Suid-Afrika verantwoordelik en onderlinge swart konflik vir 38,1%. Teen 1988 het die Polisie se aandeel van die 1 149 swart sterfgevalle afgeneem tot 3%, en dié van onderlinge swart geweld het gegroei tot 81,1%, waarvan die oorgrote meerderheid die gevolg was van gevegte tussen die ANC en Inkatha in Natal.⁷⁸

Ná die stryd het MK 'n volledige lys van alle bekende gewapende gevegte in dié tyd aan die WVK verskaf.⁷⁹ As 'n mens dit bestudeer, kry jy die indruk dat MK homself van byna alle foute vryspreek. Al die aksies waarvoor hy verantwoordelikheid opeis, word geklassifiseer as "Economic", "SADF/SAP personnel", "State building", "Persons actively aiding SADF/SAP", ensovoorts. Die aanslae wat duidelik op sagte burgerlike teikens gemik was, word almal geklassifiseer as teikens waarvan die verantwoordelikheid onseker is. In 'n voetnoot stel MK: "This list includes all incidents we have found in press reports and from SAIRR annual surveys which cannot be classified according to the target categories used in the appendix headed 'list of

⁷⁶ Stadler: *The Other Side of the Story*, p. 175.

⁷⁷ Barrell: "Conscripts to their age" (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Oxford, 1993), p. 455.

⁷⁸ Tom Lodge: "Perspectives on conflict resolution", in Francis M. Deng en J. William Zartman (reds.): *Conflict Resolution in Africa* (Washington DC, The Brookings Institution, 1991), p. 91.

⁷⁹ "List of MK Operations" at www.anc.org.za/ancdocs/misc/trc2.html.

known MK operations'. In addition, we are uncertain as to whether these attacks were carried out by bona fide MK cadres. Some appear to be the result of operational difficulties; others very probably 'false flag' operations."⁸⁰

Dit klink na 'n poging om die morele verantwoordelikheid vir baie van die bloedvergieting van die laat jare tagtig te ontduik. Tipies van die ambivalente houding wat die ANC uitgestuur het, was die uitsprake wat gehoor kon word op 'n perskonferensie wat Tambo in Desember 1985 gehou het ná 'n bomaanval op 'n winkelsentrum in Amanzimtoti, waarin 6 burgerlikes (onder wie 'n sesjarige seuntjie) gedood en meer as 80 beseer is. Hy het ontken dat daar "orders from above certain levels of the ANC for the Amanzimtoti attack" was. Maar, het hy bygevoeg, hy kan verstaan hoe die frustrasie oor die situasie in Suid-Afrika ANC-vegters sover kan bring om sulke dinge te doen. Hy het ook gewaarsku dis waarskynlik nie die laaste keer dat so iets gebeur nie.⁸¹ In sy voorlegging voor die WVK het die ANC ook die skuld vir dié voorval op die apartheidsregering gepak. Dit was wraak vir 'n aanval op ANC-huise in Lesotho waarin nege mense dood is, het die ANC gesê.⁸²

'n Voorbeeld van hoe sake werklik op voetsoolvlak verloop het: In 1986 het Robert McBride na Botswana uitgewyk om met sy MK-hanteerder, Aboobaker Ismail, te beraadslaag, waar hulle besluit het op 'n motorbomaanslag op die Magoo's en Why Not-kroeg in Durban. Aan sy biograaf het McBride vertel dat hy Ismail daarop gewys het dat daar nie slegs polisiebeamptes en militêre in die kroeg sou wees nie; ook burgerlikes. Ismail se antwoord was veelseggend:

Look, there is a war. These guys go after us whether we are armed or not armed; whether we are combatants or non-combatants. All white men are soldiers. If they can hit us in Botswana and say they have killed ANC collaborators then we can kill all the collaborators – who are real collaborators.

In any event, why should you be concerned [if] adult whites should get hurt? What are you saying now?

Ismail het ook nog bygevoeg: "Any car bomb in itself will always injure civilians. It's the nature of the weapon. If the civilians get injured, it's acceptable. By their very nature car bombs injure people other than the intended target."

McBride se eie kommentaar op dié gesprek was: "He got quite agitated. Basically, he said, from the Kabwe conference, anything goes – with the exception of not killing children." Hierna het hy besluit: "I never had a moral problem with it. My moral problems were sorted out when I joined the ANC."⁸³

Die bom het op 14 Junie 1986 ontplof. Die 65 kg plofstof is gepak in 12 meter ysterpyp wat in stukke van 3 cm gesaag is. Pakkies 7,62 mm-patrone daarby het die doel gehad om beserings en sterftes te vererger. Die ANC het later beweer dat die kroeg uitgekies is omdat lede van die Veiligheidsmagte graag daar gekuier het. Maar drie jong vroue is dood en nog 89 burgerlikes is beseer, van wie sommige ernstig. Geen enkele soldaat of Polisiebeampte het iets oorgekom nie.⁸⁴

Oor die strategiese rasionaal ágter sulke optrede het Chris Hani in 1988 in 'n onderhoud gesê deel van die blankes se steun vir die PW Botha-regering is weens

⁸⁰ Ibid.

⁸¹ Stemmet: "Apartheid under siege" (ongepubliseerde doktorskrif, UV, 2003), pp. 287-288.

⁸² ANC-voorlegging aan die WVK, para. 6.2.6, p. 59.

⁸³ Gomolemo Mokae: *Robert McBride. A Coloured Life* (Pretoria, SAHO, 2004), p. 98.

⁸⁴ Stadler: *The Other Side of the Story*, pp. 70-71.

...selfish self-interest in terms of a good life. There [their] life is good, it is not destructed. They go to their cinemas, they go for their braaivleis, they go to their five-star hotel. That is why they are supporting the system. It guarantees a happy life for them, a sweet life. And part of our campaign is to prevent that sweet life. ... They have been cocooned. They don't see it. But our intention is to make them see it. So that when they are maimed and they are in hospital others will go there to visit them and will say: this is the price [of] apartheid. We must make apartheid expensive and costly in terms of financial resources and in terms of lives. It must be made painful. At the moment it is very sweet for them but it must be made painful and bitter, especially for the whites. It is bitter for the blacks. For the whites it must be made very painful and bitter.⁸⁵

Duideliker as dit kon die terroristiese aard waartoe die ANC/SAKP se gewapende stryd in die loop van die tagtigs gedegeneer het, op grond van Hani se eie woorde, nie wees nie.

Sommige van die aanvalle is uitgevoer met landmyne in die platteland waar boere, hul gesinne en swart plaaswerkers geloop of gery het. Volgens MK is geen teenpersoneelmyne gelê nie, slegs teenvoertuigmyne. Dit is gedoen omdat "the apartheid regime had declared them [die wit grensplaas] military zones, with white farmers integrated into the security system".⁸⁶ Die ANC-landmyne het egter geen onderskeid getref tussen die beweerde gemilitariseerde wit boere en hul duidelik steeds burgerlike gesinne of werkers nie. Bowendien is 'n alternatiewe vertolking ook moontlik. Lede van die ou SAW het in 'n ontleding van die WVK-verslag opgemerk "The zoning of border areas had nothing to do with the blurring of targets. The step was necessitated by the ANC's shift of emphasis to soft targets".⁸⁷

SUID-AFRIKA ONREGEERBAAR

Die morele probleem was nie beperk tot die militêre aspekte van die stryd nie. Dit het ook gegeld vir die ander pilare, veral dié oor massa-aksie en die poging om Suid-Afrika onregeerbaar te maak.

Tipies van die kommunikasies uit Lusaka was die Nuwejaarsboodskap van Oliver Tambo in 1984.⁸⁸ Hierin het hy die tagtigs tot die Dekade van Bevryding uitgeroep. "All revolutions are about state power," het hy gesê:

Ours is no exception. ... We must begin to use our accumulated strength to destroy the organs of the apartheid regime. We have to undermine and weaken its control over us, exactly by frustrating its attempts to control us. We should direct our collective might to rendering the enemy's instruments of authority unworkable. To march forward must mean that we advance against the regime's organs of state-power, creating conditions in which the country becomes increasingly unworkable.

⁸⁵ "Notes of the interview with Chris Hani and Steve Tshwete", 3.6.1988, by www.aluka.org/action/showMetadata?doi=10.5555/AL.SFF.DOCUMENT.INT19880603.043.049.

⁸⁶ ANC-voorlegging aan die WVK, para 6.2.4, p. 59.

⁸⁷ SADF: "Analysis of TRC Report", p. 29, in ons besit. Vgl. ook James Myburgh: "The ANC and the boers", by [www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71619?oid=256988&sn=D](http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71619?oid=256988&sn=Detail&pid=71616)

⁸⁸ "Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 73rd anniversary of the ANC, 8.1.1985, by www.anc.org.za/2631.

Tambo het verwys na die verskillende vlakke van staatsadministrasie en gesê dit is “these institutions of apartheid power that we must attack and demolish ...”. Op sigself in ooreenstemming met die beginsels van oorlogvoering, het hy bygevoeg: “[A]s strategists, we must select for attack those parts of the enemy administrative system which we have the power to destroy ... We must hit the enemy where it is weakest.”

Hy het die sukses van die gewapende stryd uitdruklik verbind aan die opbou van ondergrondse ANC-strukture in die land en gesê in dié jaar sou buitengewone aandag gegee word aan “building a strong underground presence of well-organised revolutionary cadres, drawn from the fighting masses and integrated among them”. Hy het mense opgeroep om alle oorblyfsels van die swart plaaslike besture en die Bantoestans aan te val en te vernietig.

Deels in ooreenstemming met die ANC se vierpilare-strategie is ’n wettige interne organisasie, die United Democratic Front (UDF) in 1983 in Mitchell’s Plain gestig. Die UDF was nooit ’n skepping van die ANC as sodanig nie, ofskoon hy baie mooi in die ANC se strategie ingepas het. Tambo het die stigting van die UDF uitgesonder “as a historic achievement” en “a product of our people’s determination to be their own liberators”.⁸⁹

Nietemin was nie almal in die UDF ewe gelukkig met die gewelddadige benadering van die ANC nie. Daar was kwaai argumente in die organisasie oor die beginsel van geweldloosheid teenoor die gebruik van geweld om ’n einde aan apartheid en die apartheidsregering te bring. Aan die een kant is leiers soos aartsbiskop Desmond Tutu wyd deur vriend en vyand bewonder vir sy prinsipiële Christelike houding teen sowel apartheids- as revolusionêre geweld en die vreeslose wyse waarop hy verskeie verdagte apartheidskollaborateurs gered het wat op die punt was om wreedaardig deur skares vermoor te word.⁹⁰ Andersyds het verskeie teoloë, priesters en pastore die sogenaamde Kairos-dokument geteken, waarin hulle geweld weliswaar nie openlik verdedig het nie, maar tog begrip uitgespreek het vir die redes waarom mense hul toevlug daartoe geneem het. Hulle het gekonstateer dat die verdedigende geweld van die bevrydingsbewegings nie moreel gelykgestel kon word met die onderdrukkende geweld van die apartheidsregering nie.⁹¹

UDF-leiers soos die latere minister Steve Tshwete het openlik ’n gewapende opstand voorgestaan. Op die begrafnis van Victoria Mxenge in King William’s Town (’n aktivis wat deur elemente van die staat vermoor is) het hy gesê “If we have to liberate ourselves with the barrel of a gun, then this is the moment.” Jeremy Seekings wys daarop dat bendes kort daarna verskeie staatsadministrasiegeboue afgebrand het, saam met agt van die nege skole in die township. Lede van die plaaslike munisipale regering het vir hul lewe gevlug.⁹²

In dié jare het Suid-Afrika op die randjie van die afgrond gesteier. Die townships is geruk deur gewelddadige betogings. Daar was verbruikersboikotte wat afgedwing is deur bendes jong “comrades”, waarin mense aangerand en gedwing is om die kookolie te drink of seep te eet wat hulle gekoop het. Ander, van wie gemeen is dat hulle regeringskollaborateurs is, of selfs dié wat persoonlike rusies met “comrades” had, is vermoor – dikwels met die wrede “halssnoer”-metode. Seekings wys daarop dat sommige UDF-leiers die verbruikersboikotte bedoel het as ’n geweldlose manier van protes. Maar, skryf hy, “[t]he boycotts also had a downside. Intended to build organisation through non-violent protest, they often undermined organisation through brutal enforcement”.⁹³

⁸⁹ Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 72nd anniversary of the ANC, 8.1.1984, by www.anc.org.za/2632.

⁹⁰ Seekings: *The UDF*, p. 113.

⁹¹ “The Kairos document”, by www.connectionsonline.org/Kairos%20Document.doc.

⁹² Seekings: *The UDF*, p. 153.

⁹³ Ibid., p. 151.

Voor die WVK het die ANC daarop aanspraak gemaak dat sy “leadership strongly disapproved of some of the methods chosen by people to kill informers and other collaborators, particularly the ‘necklace’ ...”.⁹⁴ Die waarheid was egter effens ingewikkelder.

Aanvanklik het die ANC die chaos verwelkom, want dit het in sy strategie om Suid-Afrika onregeerbaar te maak gepas. Een van die mees berugte vroeë uitsprake van ’n ANC-leier was een deur Chris Hani in ’n onderhoud met *Sechaba*, die ANC se propagandablad, in Desember 1986. Hy het verwys na die tipiese koloniale strategie om die swartes te verdruk met “the active collaboration of the repressed” – swart polisiebeamptes wat “the conduit [was] through which information about our activities, about our plans has been passed to the enemy”. In dié konteks het hy die halssnoer genoem “a weapon devised by the oppressed themselves to remove this cancer from our society”. Dit was nie ’n wapen van die ANC nie, het hy volgehou, dit was ’n “weapon of the masses themselves to cleanse the townships from the very disruptive and even lethal activities of the puppets and collaborators. We do understand our people when they use the necklace because it is an attempt to render our townships, to render our areas and country ungovernable ...”. Hy het wel daaraan toegevoeg dat mense versigtig moet wees omdat die vyand maklik agente kan aanwend om die halssoer teen aktiviste te gebruik. “We have our own revolutionary methods of dealing with collaborators, the methods of the ANC [moontlik ’n verwysing na die berugte Quatro-kamp in Angola]. But I refuse to condemn our people when they mete out their traditional forms of justice to those who collaborate.”⁹⁵

Volgens genl. Magnus Malan se voorlegging aan die WVK het Radio Freedom Suid-Afrikaners op 6 Mei 1985 aangemoedig “to identify collaborators and enemy agents and deal with them. The collaborators who are serving in the community councils must be dealt with. Informers, policemen, special branch police, and army personnel living and working among our people must be eliminated”. Malan het ook Tim Ngubane, ANC-vertegenwoordiger in die VSA, aangehaal, wat op 10 Oktober 1985 aan studente van die Kalifornië-staatsuniversiteit sou gesê het: “We want to make the death of a collaborator so grotesque that people will never think of it [i.e. collaboration].”⁹⁶

Volgens polisiestatistieke het 406 mense tussen September 1984 en Desember 1989 deur halssnoere gesterf en nog 28 is beseer. ’n Verdere 395 is op ander maniere lewend verbrand en 150 beseer.⁹⁷

Die gevolg van dié massiewe intimidasie was dat staatstrukture vir swartes ernstig gekortwiek is. Teen 1990 het 104 van die 262 swart plaaslike owerhede heeltemal tot stilstand gekom.⁹⁸ Soos Jan-Adriaan Stemmet skryf: “By 1988, being a black security officer, councillor or a non-white member of the Tricameral Parliament, or even just related to one, was a very dangerous position to hold”.⁹⁹ Maar, het die ANC aan die WVK verklaar, hy “did not define councillors as targets – they themselves chose whether or not to define themselves as particular enemies of their communities ...”.¹⁰⁰

⁹⁴ “Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the Commission for Truth and Reconciliation”, by www.anc.org.za/2645.

⁹⁵ “25 Years of armed struggle: Army commissar Chris Hani speaks” (*Sechaba*, Des. 1986, pp. 15-16). Genl. Malan se voorlegging aan die WVK, paragrawe 11.4 en 11.8, in ons besit.

⁹⁶ Stadler: *The Other Side of the Story*, p. 179.

⁹⁷ Voorlegging van genls. Constand Viljoen, Jannie Geldenhuys en Georg Meiring aan die WVK, par. 46, in ons besit.

⁹⁸ Stemmet: “Apartheid under siege” (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UV, 2003), p. 213.

¹⁰⁰ “Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the Commission for Truth and Reconciliation”, par. 2.1, by www.anc.org.za/2645

Wat meer is, in sy studie van die UDF wys Jeremy Seekings daarop dat daar teen 1985 “a subtle shift [was] in the predominant discourses used by UDF leaders, from a focus on rights to a focus on power. Part of this was an explicit denial that the struggle was a civil rights struggle. According to [Valli] Moosa, there was no space for ‘civil rights type of stuff’ as more militant tactics became the norm”.¹⁰¹ Deel van die verklaring hiervoor was waarskynlik ook die groeiende strewe na ’n Marxisties-Leninistiese diktatuur van die proletariaat as die begeerde eindresultaat van die toenemende opstand.

Terselfdertyd het die Suid-Afrikaanse regering hard teruggeslaan. Nie-aanvalsverdrae is met Swaziland en Mosambiek gesluit, waardeur MK-operasies ernstig in die wiele gery is. Daarna het eers ’n gedeeltelike en toe ’n volledige noodtoestand gevolg. Duisende aktiviste is sonder verhoor aangehou en opgesluit en soms ook gemartel. Sommige ANC- en MK-leiers is vermoor, soms binne Suid-Afrika, soms in die buiteland. Geen wonder nie dat Stephen Ellis en “Tsepo Sechaba” (Oyama Mabandla) tot die gevolgtrekking kom dat die regering teen die tweede helfte van 1985 duidelik die militêre stryd aan die wen was, ofskoon hy duidelik geen lewensvatbare nuwe politieke idees gehad het nie.¹⁰²

DIE ANC/SAKP PROBEER TERUGKRABEL

Terselfdertyd het MK sy gewapende stryd met die vegters wat reeds in Suid-Afrika was, geïntensiveer. Omdat bevel en beheer uiters moeilik was, selfs onmoontlik, het baie kaders hul eie inisiatief gebruik en steeds meer aanvalle gedoen op Wimpy Bars, winkelsentrums, disko’s, sportbyeenkomste, landdroskantore, ensovoorts. Soms is ’n klein bom laat ontplof, en wanneer Polisielede en/of nuuskierige omstanders nader gekom het, is ’n tweede, kragtige bom ontplof om ongevalle te maksimeer.¹⁰³

Vir sommige ANC-leiers in ballingskap was dit kommerwekkend. Thabo Mbeki het in dié tyd aan Patti Waldmeir, ’n Amerikaanse joernalis, gesê: “We’re concerned about the impact on white South Africans of attacks against whites. Our aim is to win them away from apartheid, even if they don’t come to us [’n verwysing na die samesprekings tussen prominente Afrikaners en die ANC in Lusaka en Dakar]. So, attacks hurt us.”¹⁰⁴

Inderdaad het Oliver Tambo laat in 1987 só bekommerd oor die bloedvergieting geword dat hy ’n vergadering met verskeie MK-bevelvoerders belê het. Hy het hulle opdrag gegee om kontak met hul strukture te maak en hulle te beveel om burgerlikes nie te teiken nie.¹⁰⁵ Maar, soos ’n lys MK-aanslae vir 1988 wys,¹⁰⁶ het dit geen merkbare uitwerking gehad nie; die klem op sagte teikens het in die praktyk voortgeduur. Die lys wys dat 53 burgerlike teikens in dié jaar moes deurloop, saam met 18 staats-, 2 ekonomiese, 7 Polisie- en 5 militêre doelwitte. Selfs ’n uitdruklike persverklaring van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee, waarin “concern” uitgespreek is “at the recent spate of attacks on civilian targets”¹⁰⁷ het nie veel gehelp nie. Klaarblyklik was

¹⁰¹ Seekings: *the UDF*, p. 160.

¹⁰² Ellis en Sechaba (pseud.): *Comrades against Apartheid*, p. 173.

¹⁰³ Stemmet: “Apartheid under siege” (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UV, 2003), pp. 295-297.

¹⁰⁴ Patti Waldmeir: *Anatomy of a Miracle. The End of Apartheid and the Birth of a New South Africa* (London, Penguin, 1997), p. 65.

¹⁰⁵ “Further submissions and responses by the ANC to questions raised by the Commission for Truth and Reconciliation”, para. 5.3, by www.anc.org.za/2645; O’Malley: *Shades of Difference*, p. 237.

¹⁰⁶ Vgl. volle lys in Stemmet: “Apartheid under siege” (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UV, 2003), pp. 308-313.

¹⁰⁷ John D. Battersby: “ANC acts to halt civilian attacks” (*The New York Times*, 21.8.1988).

MK min of meer buite beheer. Rocky Williams, ook 'n gewese MK-vegter, praat van 'n “nascent militarism” in MK.¹⁰⁸ Hy sê MK “developed a quasi-military identity that sometimes resulted in differences of opinion between the MK leadership and that of the NEC”.¹⁰⁹

Feit is dat die dubbelsinnige houding van die ANC-leiding woedende MK-vegters op voetsoolvlak voldoende ruimte gegee het om sagte teikens ongestraf aan te val. Tambo het immers self in 'n toespraak in 1986 verklaar: “Prospects of a bloodbath and the reduction of South Africa to a wasteland will not stop the struggle. We would much rather that no blood were lost, that the country was left intact. But not at the expense of our continued enslavement.”¹¹⁰ En Joe Slovo het in 'n onderhoud in 1987 erken dat “there is little the ANC can do to control some of its agents in South Africa”.¹¹¹

Hoe ook al, 1988 het nog 'n terugslag vir MK meegebring. Nadat die gevegte tussen die Angolese leër en die Kubane enersyds en die SAW en Unita andersyds op 'n dooie punt uitgeloopt het, het die twee kante besluit om halt te roep. Suid-Afrika het ingestem om hom aan Namibië te onttrek en die gebied se onafhanklikheid te erken, terwyl Kuba al sy magte uit Angola teruggeroep het. Ten slotte – en dit is belangrik – het die Angolese regering onderneem om MK uit te skop.

Omdat Angola belangrik was as agtergebied vir MK, was dit 'n ernstige terugslag vir die ANC. Dit het beteken dat MK se naaste basisse nou in Tanzanië en Ethiopië sou wees, duisende kilometer van Suid-Afrika se grense. En dit het infiltrasie en die gewapende stryd geweldig bemoeilik. In 'n ontleding van die gebrek aan vordering in die gewapende stryd het Ronnie Kasrils in Februarie 1988 erken dat “we were not able to take full advantage of the favourable conditions that materialised [with the upsurge of violence]. We were unable to deploy sufficient forces at home; our cadres still found big problems in basing themselves amongst our people; our underground failed to grow sufficiently ... the incredible mass resistance and strikes were consequently not sufficiently reinforced by armed struggle.”¹¹² Dit was 'n erkenning van absolute militêre mislukking.

Op grond van amptelike Suid-Afrikaanse syfers het Howard Barrell bereken dat 0,73 MK-infiltrante uitgeskakel – gedood of gevang – is vir elke insident waarvoor hulle verantwoordelik was.¹¹³ Dit was 'n ongevallesyfer wat nie onbepaald volgehou kon word nie. Geen wonder dat 'n MK-intelligensieoffisier, Bill Anderson, in 1991 aan Howard Barrell vertel het dat MK teen 1989 in 'n “absolute chaos” verkeer het nie. Kaders is na Suid-Afrika gestuur “without briefings, without proper preparation of documents, without proper clothing”. Alles net “to make the graph of actions go up, irrespective of what actions, irrespective of basing cadres, and so on”. Volgens Garth Strachan, ook 'n MK-kader, is byna 100% van die vegters wat ná 1986 uit Zimbabwe na Suid-Afrika gestuur is, binne 24 uur dood of aangehou. Teen einde 1989 het MK-aksies in die land opgedroog.¹¹⁴

Juis omdat die ANC se gewapende stryd nêrens heen gelei het nie, is Operasie Vula aangepak met die bedoeling om MK eindelijk behoorlik onder die bevolking in Suid-Afrika te vestig. Die

¹⁰⁸ Williams: “The other armies – a brief historical overview of Umkhonto we Sizwe (MK), 1961-1994” (*Military History Journal*, vol. 11, no. 5).

¹⁰⁹ Williams: “The impact of Umkhonto we Sizwe on the creation of the South African National Defence Force (SANDF)” (*Journal of Security Sector Management*, 2.1, Maart 2004, p. 11).

¹¹⁰ Stemmet: “Apartheid under siege” (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UV, 2003), p. 55.

¹¹¹ Stephen Mufson: “Uncle Joe: The white guru of the ANC” (*The New Republic*, 28.9.1987).

¹¹² Ronnie Kasrils: “The revolutionary army” (*Sechaba*, September 1988, p. 4).

¹¹³ Barrell: “Conscripts to their Age” (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Oxford, 1993), p. 453.

¹¹⁴ Aangehaal deur Thula Simpson: “Toyi-toyi-ing to freedom: The endgame in the ANC's armed struggle, 1989-1990” (*Journal of Southern African Studies*, 35/2, Junie 2009), pp. 508 en 512.

gebeure van 1990, toe die verbod op die ANC/SAKP opgehef en die gewapende stryd beëindig is, het dit egter ingehaal, en dit is nooit ten volle uitgevoer nie.¹¹⁵ 'n Dooie punt het tussen die Regering en MK geheers waarin geeneen werklik beslissend die oorhand kon kry nie.

GEVOLGTREKKING

Die ANC se visie op sy eie gewapende stryd kan kortliks in die volgende punte saamgevat word:

- Etlike dekades lank het hy 'n geweldose stryd gestry en net sy toevlug in die laaste instansie en ná wrede regeringsverdrukking tot geweld geneem;
- Reg van die begin was die militêre guerrillaveldtog slegs een aspek van die stryd, bowendien 'n ondergeskikte een;
- Die gewapende stryd is met groot sorg gevoer om burgerlike ongevallen te minimiseer, en die ANC het nooit terreur gebruik nie; en
- Die ANC dra dus geen historiese skuld in sy gewapende stryd teen apartheid nie.

Met die feite nou tot ons beskikking kan ons nou die waarheid al dan nie van dié bewerings ontleed.

Die ANC se aansprake dat hy in die vroeë jare 'n hoë moraliteit gehandhaaf het, is feitelik korrek. Tot 1961 het die beweging inderdaad geweld verwerp. Ook die aansprake dat hy noukeurig alle lewensverlies – nie slegs dié van burgerlikes nie – in die sabotasieveldtog van 1961-'63 vermy het, is op feite gebaseer. Geen enkele Suid-Afrikaner het sy of haar lewe in dié tydperk as gevolg van gewapende aksie deur die ANC of MK verloor nie. Dieselfde is waar van die jare tot 1977 – nie soseer weens 'n beleidsbesluit van die ANC of MK nie, maar eenvoudig omdat die beweging nie daarin kon slaag om 'n enkele skoot op Suid-Afrikaanse gebied af te vuur nie. Selfs gedurende die fase van “gewapende propaganda” tot 1983 het die ANC geen bloed vergiet nie. Die enkele uitsondering was die Silvertonse bankbeleg van 1979, en dit, volgens die ANC, was die gevolg van 'n operasie wat verkeerd geloop het.¹¹⁶ Gesien die algemene patroon van dié tyd moet die ANC hier die voordeel van die twyfel kry.

Maar beginnende met die SAW-aanval op Maputo in 1981 en die daaropvolgende Kerkstraatbom in 1983 het sake verkeerd geloop. Aanvanklik het burgerlikes slegs met aanvalle op “wettige” teikens in die “kruisvuur” gekom. Maar gou daarna het MK-operateurs burgerlike teikens, soos kitskosrestaurante, winkelsentrums, disko's, sportbyeenkomse, ensovoorts, doelbewus onder skoot geneem. Streng gesproke, het die ANC reg as hy sê hy het nooit bevele vir sulke operasies gegee nie. Dit is ook waar dat sekere ANC-leiers bekommerd geword het en selfs MK-veggroepe in Suid-Afrika in toom probeer hou het. Maar die militante, dubbelsinnige boodskappe van dieselfde leiers wanneer hulle met die wêreld en hul vegters in Suid-Afrika gekommunikeer het, het die militante die ekskuus gegee wat hulle nodig gehad het om met hul terreurveldtog voort te gaan. Ten slotte het MK handuit geruk, en kon selfs Oliver Tambo hulle nie meer beheer nie.

In dié proses het die Konferensie van Kabwe 'n belangrike rol gespeel. Die besluite wat daar geneem is, was – saam met die uitleg wat ANC-leiers in die openbaar daaraan gegee het – dubbelsinnig genoeg om op verskillende maniere vertolk te word. Die militante, woedende jong swartes in die townships in Suid-Afrika het gehoor wat hulle wóú hoor – die onderskeid tussen

¹¹⁵ Vgl. hieroor Barrell: “Conscripts to their Age” (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Oxford, 1993., pp. 449-450.

¹¹⁶ Voorlegging van die ANC aan die WVK, par. 6.2.5, p. 61.

“harde” en “sagte” teikens verdwyn, die stryd moet na die wit gebiede, selfs na die wit huishoudings, geneem word. En dus is bomme geplant in restaurante, by sportskares, winkelsentrums en dergelike teikens.

Terselfdertyd het MK se gewapende stryd militêr niks bereik nie. *Mayibuye* het in 1989 reguit geskryf dat “MK was unable to effectively root itself among the masses”.¹¹⁷ Die ANC se sekretaris-generaal, Alfred Nzo, moes – net enkele dae voor pres. F.W. de Klerk se gerugmakende toespraak van 2 Februarie 1990 – toegee dat MK nie die vermoë had “to intensify the armed struggle in any meaningful way”.¹¹⁸ En in 1991 moes Chris Hani erken: “Now, the military achievements of MK cannot remotely be compared to those of the liberation armies in Cuba, Vietnam and Zimbabwe. We never liberated and administered territory, arms in hand. The best achievements of MK were as inspirer.”¹¹⁹

Laasgenoemde is weliswaar ook relevant. Die gewapende stryd was slegs een van die vier pilare van die ANC se breë strategie. Dit het nooit verby die aanvanklike fase van gewapende propaganda gevorder nie, maar dit het soos suurdeeg gewerk om die ander pilare te bevoordeel. Uiteindelik is die deurslag gegee deur die feit dat die swartes massaal hul medewerking aan die instandhouding van die apartheidsstaat begin weerhou het. In dié opsig het die gewapende propaganda ’n bykomende rol, ofskoon verreweg geen hoofrol nie, gespeel.

Soms word gesê dat die een se terroris die ander se vryheidsvegter is. Dit bevat beslis ’n element van waarheid, maar dit is nie die hele waarheid nie. Die meeste definisies van die begrip *terrorisme* maak nie voorsiening vir die terroriste se motiewe nie. Die element wat die deurslag gee of ’n daad as terrorisme geklassifiseer kan word, hang uitsluitlik saam met die metodes wat gebruik word. Dit kan wees dat iemand wat ’n bom in ’n restaurant plant, na sy eie mening edele motiewe het – vryheid, geregtigheid, gehoorsaamheid aan God, ensovoorts. Maar die *metode* wat hy aanwend, maak sy daad terrorisme en van homself ’n terroris.

’n Goeie saak kan daarvoor uitgemaak word dat die metodes wat die ANC/SAKP aangewend het, ’n verbreking was van Protokol 1 (1977) van die Geneefse Konvensie¹²⁰ (wat die ANC self onderteken het), en wel in die volgende opsigte:

- Art. 44(3) bepaal dat vegters hulself tydens gevegte of tydens die voorbereiding daarvan duidelik van die burgerlike bevolking moet onderskei, al is dit maar net deurdat hulle hul wapen(s) openlik moet dra.
- Art. 48 is baie eksplisiet: “In order to ensure respect for and protection of the civilian population and civilian objects, the Parties to the conflict shall at all times distinguish between the civilian population and combatants and between civilian objects and military objectives and accordingly shall direct their operations only against military objectives.”
- Art. 51 gee baie aandag hieraan. “Indiscriminate attacks” word verbied, en gedefinieer as:
 - (a) “those which are not directed at a specific military objective;
 - (b) “those which employ a method or means of combat which cannot be directed at a military objective; or

¹¹⁷ “People’s war and insurrection: The subjective factor” (*Mayibuye*, 3/1989, p. 6).

¹¹⁸ Simpson: “Toyi-toyi-ing to freedom: The endgame in the ANC’s armed struggle, 1989-1990” (*Journal of Southern African Studies*, 35/2, Junie 2009), p. 514. Volgens Simpson het Nzo per ongeluk hier ’n toespraak wat vir ’n geslote vergadering van die Nasionale Uitvoerende Raad bedoel was, in die openbaar gelewer.

¹¹⁹ “Chris Hani speaks” (*Umsebenzi*, 7/1, 1991, p. 6).

¹²⁰ Te vinde by www.icrc.org/ihl.nsf/FULL/470?OpenDocument.

- (c) “those which employ a method or means of combat the effects of which cannot be limited as required by this Protocol; and consequently, in each such case, are of a nature to strike military objectives or civilian objects without distinction”.

MK het nooit hieraan voldoen nie. MK-vegters het hulself, ook by die uitvoering van aksies, klandestien gedra. Heelparty bomaanslae is gerig teen restaurante, disko's, sportbyeenkomste en winkelsentrums. By sommige van hulle was lede van die veiligheidsmagte in burgerkleding soms aanwesig, maar die logika gebied dat hulle 'n klein minderheid sou wees – en bowendien was hulle lank nie altyd daar nie. Motorbomme, soos dié van Kerkstraat in Pretoria of Magoo's Bar in Durban, kon onmoontlik slegs Polisiebeamptes of Weermagpersoneel tref; hulle het alles wat voorkom, gedood of vermink.

Uit die aard van die saak het die ANC/SAKP hulself nie as terroriste gesien nie. Soos Joe Slovo dit op 'n keer gestel het: “If we can be described as a terrorist organisation then, truly, words have lost all meaning.” Die regering is die egte terroriste: “We are the victims.”¹²¹

Natuurlik kan baie negatiefs oor die regering se hantering van die konflik gesê word. Maar dit is weer 'n ander verhaal, en bowendien maak dit 'n ondersoek van die ANC/SAKP se gewapende stryd en die moraliteit daarvan nie ongeldig nie.

Daar is basies twee revolusiemodelle – die gewelddadige Leninistiese en die geweldlose Gandhianse model. Ofskoon laasgenoemde slegs in uitsonderlike gevalle teen totalitêre regimes soos dié van Josef Stalin of Adolf Hitler sal werk, werp dit in ander gevalle op die duur meestal vrugte af, en staan moreel gesproke veel hoër as die Leninistiese benadering.¹²² Die ANC/SAKP het die geweldlose model ná 1961 nooit ernstig oorweeg nie, en bowendien het sy geweldpleging ook, luidens sy eie leiers se erkenning, nie gewerk nie. In pres. FW de Klerk se toespraak van 2 Februarie 1990 het MK se gewapende stryd nie veel van 'n rol gespeel nie. Die gewapende stryd was 'n mislukking. Ander faktore, soos die feit dat die staatsmasjinerie weens die swartes se grootskaalse boikotte tot stilstand geknars het, het die deurslag gegee.

Teen bogenoemde agtergrond moet enigiemand wat die ANC/SAKP se gewapende stryd van 'n afstand bekijk, tot die gevolgtrekking kom dat dit tot Mei 1983 géén terroristiese stryd was nie. Daarna het dit steeds meer tot ordinêre terrorisme gedegeneer.

¹²¹ “The answer lies in being in the fighting ranks” (*Mayibuye*, 3/1987, p. 5).

¹²² Vgl. hieroor Leopold en Ingrid Scholtz: “Die etiek van revolusionêre geweld: 'n vergelyking van die Leninistiese met die Gandhianse model” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42/3, Sept. 2002).